Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Wysiging van artikel 21 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 79 van 1977.

**13.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Iemand wat om die goedkeuring van 'n rolprent aansoek doen, moet op eie koste reëlings tref om daardie rolprent aan die komitee in subartikel (1) bedoel, of indien daartoe versoek deur die direkteur, aan 'n lid of lede van die direktoraat, te vertoon op die perseel, dag en tyd wat die direkteur na oorlegpleging met so iemand bepaal.";

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die voorwaardes wat kragtens paragrawe *(a)* en *(b)* van subartikel (3) ten opsigte van 'n besondere rolprent opgelê kan word, kan verskil na gelang van die plek, datum of tyd waar of wanneer die rolprent vertoon gaan word."; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(6) Indien 'n komitee 'n rolprent afkeur, moet die direkteur daardie feit sonder versuim by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.".

Invoeging van artikel 21A in Wet 42 van 1974.

**14.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 21 ingevoeg:

"Verbod op besit van sekere rolprente.

**21A.** (1) 'n Komitee kan die besit deur enigiemand van 'n rolprent wat ingevolge artikel 21 deur 'n komitee afgekeur is, verbied.

(2) Die direkteur moet sonder versuim 'n beslissing wat 'n verbod op die besit van 'n rolprent oplê, aan die appèlraad voorlê, en die appèlraad moet daardie beslissing bekragtig of tersyde stel.

(3) Die direkteur moet, nadat 'n verbod in subartikel (1) vermeld deur die appèlraad bekragtig is, sonder versuim bedoelde verbod by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.".

Wysiging van artikel 23 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 79 van 1977.

**15.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien 'n komitee 'n rolprent afkeur, of 'n verbod kragtens artikel 21A oplê, of 'n rolprent onderworpe aan die oplegging van voorwaardes goedkeur, kan die direktoraat of 'n persoon wat om die goedkeuring van daardie rolprent kragtens artikel 20 aansoek gedoen het, teen die afkeuring, verbod of die oplegging van 'n voorwaarde na die appèlraad appelleer.";

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Appèl deur die direktoraat moet binne 'n tydperk van **[sewe]** 14 dae vanaf die datum waarop die komitee die direkteur van die betrokke beslissing verwittig het, aangeteken word, en 'n appèl deur iemand in subartikel (1) bedoel, moet binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum waarop die direkteur so iemand van die beslissing van die komitee verwittig het, aangeteken word.";

*(c)* deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:

"(4A) As 'n appèl kragtens subartikel (1) aangeteken word, moet die persoon wat om die goedkeuring van daardie rolprent kragtens artikel 20 aansoek gedoen het, daardie rolprent op eie koste aan die appèlraad vertoon op die perseel, dag en tyd wat die voorsitter van die appèlraad na oorlegpleging met daardie persoon bepaal."; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Amendment of section 21 of Act 42 of 1974, as amended by section 11 of Act 79 of 1977.

**13.** Section 21 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any person who applies for the approval of any film, shall at his own expense make arrangements to exhibit that film to a committee referred to in subsection (1), or if requested by the director, to a member or members of the directorate, on such premises, on such day and at such time as the director may after consultation with such person determine.";

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The conditions which may be imposed under paragraphs *(a)* and *(b)* of subsection (3) in respect of a particular film may vary according to the place, date or time where or when the film is to be exhibited."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(6) If a committee rejects a film the director shall without delay make known that fact by notice in the *Gazette*.".

Insertion of section 21A in Act 42 of 1974.

**14.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 21:

"Prohibition of possession of certain films.

**21A.** (1) A committee may prohibit the possession by any person of a film which has in terms of section 21 been rejected by a committee.

(2) The director shall without delay submit to the appeal board a decision of a committee prohibiting the possession of a film, and the appeal board shall confirm or set aside that decision.

(3) The director shall, when a prohibition referred to in subsection (1) has been confirmed by the appeal board, without delay make known such prohibition by notice in the *Gazette*.".

Amendment of section 23 of Act 42 of 1974, as amended by section 12 of Act 79 of 1977.

**15.** Section 23 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If a committee rejects a film, or imposes a prohibition under section 21A, or approves a film subject to the imposition of conditions, the directorate or the person who applied for the approval of that film under section 20, may appeal to the appeal board against the rejection, prohibition or the imposition of any conditions.";

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) An appeal by the directorate shall be noted within a period of **[seven]** 14 days from the date on which the committee informed the director of the decision in question, and an appeal by any person referred to in subsection (1) shall be noted within a period of 30 days from the date on which the director informed such person of the decision of the committee.";

*(c)* by the insertion after subsection (4) of the following subsection:

"(4A) If an appeal is noted under subsection (1) the person who applied for the approval of that film under section 20, shall at his own expense exhibit that film to the appeal board, on such premises, on such day and at such time as the chairman of the appeal board may determine after consultation with such person."; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(d) deur die volgende paragraaf by subartikel (5) te voeg:
"(c) in die geval van 'n appèl teen die oplegging van 'n verbod, die betrokke verbod tersyde stel.".

*Wysiging van artikel 24 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 79 van 1977.*

**16.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(a)* kan die direktoraat binne 'n tydperk van **[sewe]** 14 dae vanaf die datum waarop die direkteur van die betrokke beslissing verwittig is, teen daardie beslissing na die appèlraad appelleer deur by die klerk van die appèlraad 'n kennisgewing van appèl waarin die appèlgronde volledig uiteengesit word, te laat indien;".

*Wysiging van artikel 27 van Wet 42 van 1974.*

**17.** Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur paragraaf *(d)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang;
"*(d)* 'n rolprent wat kragtens hierdie Wet goedgekeur is, vertoon of uitgee sonder om op die voorgeskrewe wyse die goedkeuring van daardie rolprent kragtens hierdie Wet bekend te maak nie;";
*(b)* deur die volgende paragrawe by subartikel (1) te voeg:
"*(g)* 'n rolprent besit nie indien die besit van daardie rolprent ingevolge artikel 21A verbied is en daardie verbod by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is;
*(h)* 'n rolprent in paragraaf *(g)* vermeld, uitgee nie;
*(i)* 'n rolprent in paragraaf *(g)* vermeld, besit met die doel om dit uit te gee nie."; en
*(c)* deur die volgende subartikels by te voeg:
"(4) Indien dit by 'n vervolging ingevolge paragraaf *(i)* van subartikel (1) bewys word dat die beskuldigde op 'n bepaalde tydstip in besit was van meer as een afdruk van 'n rolprent in daardie paragraaf vermeld, word daar vermoed dat die beskuldigde die rolprent besit het met die doel om dit uit te gee, tensy die teendeel bewys word.
(5) Die direktoraat kan na ontvangs van 'n aansoek in die voorgeskrewe vorm op die voorwaardes wat hy goedvind 'n persoon of verspreider skriftelik van subartikel (1) *(g)* vrystel, hetsy vir 'n onbepaalde tydperk of vir 'n tydperk wat hy bepaal, en kan 'n vrystelling ingevolge hierdie subartikel verleen te eniger tyd by skriftelike kennisgewing aan die betrokke persoon of verspreider intrek.".

*Vervanging van artikel 29 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 79 van 1977.*

**18.** Artikel 29 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"*Registrasie van persone wat besigheid van vervaardiger, verspreider of vertoner van rolprente dryf.*

**29.** (1) Niemand mag die besigheid van 'n vervaardiger, verspreider of vertoner van rolprente dryf nie, tensy sodanige persoon kragtens hierdie artikel geregistreer is.
(2) Iemand wat om registrasie kragtens subartikel (1) aansoek doen, moet 'n aansoek in die voorgeskrewe vorm wat die voorgeskrewe besonderhede bevat tesame met die voorgeskrewe bedrag (as daar is) aan die direkteur voorlê.
(3) Die direkteur moet, behoudens die bepalings van artikel 43 (4)—
*(a)* sodanige aansoek òf onvoorwaardelik toestaan òf toestaan onderworpe aan enige voorwaarde wat hy goedvind; en
*(b)* 'n registrasiesertifikaat op die voorgeskrewe vorm aan die aansoeker uitreik: Met dien ver-

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*(d)* by the addition to subsection (5) of the following paragraph:

"*(c)* in the case of an appeal against the imposition of a prohibition, set aside the prohibition in question.".

Amendment of section 24 of Act 42 of 1974, as amended by section 13 of Act 79 of 1977.

**16.** Section 24 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* the directorate may, within a period of **[seven]** 14 days from the date upon which the director was informed of the decision in question, appeal to the appeal board against that decision, by causing to be lodged with the clerk of the appeal board a notice of appeal stating in full the grounds of appeal;".

Amendment of section 27 of Act 42 of 1974.

**17.** Section 27 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(d)* of subsection (1) of the following subsection:

"*(d)* exhibit or publish any film which has been approved under this Act, without making known in the prescribed manner the approval of that film under this Act;";

*(b)* by the addition to subsection (1) of the following paragraphs:

"*(g)* possess a film if the possession of that film has in terms of section 21A been prohibited and that prohibition has been made known by notice in the *Gazette*;

*(h)* publish a film referred to in paragraph *(g)*;

*(i)* possess a film referred to in paragraph *(g)* with the object of publishing it."; and

*(c)* by the addition of the following subsections:

"(4) If in any prosecution in terms of paragraph *(i)* of subsection (1) it is proved that the accused had at any particular time in his possession more than one copy of a film referred to in that paragraph, it shall be presumed that the accused possessed the film with the object of publishing it, unless the contrary is proved.

(5) The directorate may, after receipt of an application in the prescribed form and on such conditions as it may deem fit, exempt in writing any person or distributor from subsection (1) *(g)*, either indefinitely or for a period determined by it, and may at any time by notice in writing to the person or distributor concerned withdraw any exemption granted under this subsection.".

Substitution of section 29 of Act 42 of 1974, as amended by section 15 of Act 79 of 1977.

**18.** The following section is hereby substituted for section 29 of the principal Act:

"Registration of persons conducting business of maker, distributor or exhibitor of films.

**29.** (1) No person shall conduct the business of maker, distributor or exhibitor of films unless such person has been registered under this section.

(2) Any person who applies for registration under subsection (1), shall submit an application in the prescribed form which contains the prescribed particulars together with the prescribed amount (if any) to the director.

(3) The director shall, subject to the provisions of section 43 (4)—

*(a)* grant such an application either unconditionally or subject to any conditions that he may deem fit; and

*(b)* issue to the applicant a registration certificate in the prescribed form: Provided that any con-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



stande dat enige voorwaardes wat kragtens subartikel (3) *(a)* opgelê word in die registrasiesertifikaat vermeld moet word.

(4) Die direkteur moet onverwyld die registrasie van 'n persoon wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, intrek indien 'n verklaring ingevolge artikel 43 (4) ten opsigte van die persoon gemaak word.

(5) *(a)* Wanneer 'n verandering plaasvind met betrekking tot 'n besonderheid wat deur iemand wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, verstrek is in die aansoek om registrasie in subartikel (2) bedoel, moet die betrokke persoon binne 14 dae na die datum waarop die verandering plaasgevind het, die direkteur skriftelik van die verandering in kennis stel.

*(b)* By ontvangs van 'n kennisgewing kragtens paragraaf *(a)* moet die direkteur die besonderhede wat hy ten opsigte van die betrokke persoon hou, passend wysig en 'n gewysigde sertifikaat uitreik.

(6) Iemand wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, moet op die houer of houers wat 'n rolprent of 'n afdruk van 'n rolprent bevat wat deur hom uitgegee word—

*(a)* sy naam en sakeadres;
*(b)* die naam van die rolprent;
*(c)* die nommer van die sertifikaat van goedkeuring;
*(d)* die ouderdomsbeperking, as daar is, wat ten opsigte van die rolprent opgelê is, en
*(e)* die looptyd van daardie rolprent,

volledig, juis en op 'n opsigtelike plek in een van die amptelike tale van die Republiek laat aanbring.

(7) Die direkteur moet op versoek van iemand wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet ondersoek, 'n gesertifiseerde afskrif van 'n registrasiesertifikaat kragtens subartikel (3) uitgereik of 'n gewysigde sertifikaat kragtens subartikel (5) uitgereik aan so iemand verstrek.

(8) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree of wat vir die doeleindes van hierdie artikel 'n valse verklaring aflê of valse besonderhede verstrek, of wat die besigheid ten opsigte waarvan hy kragtens hierdie artikel geregistreer is, dryf in stryd met enige voorwaarde wat kragtens subartikel (3) *(a)* opgelê is, is aan 'n misdryf skuldig.".

*Invoeging van artikel 29A in Wet 42 van 1974.*

**19.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 29 ingevoeg:

*"Direkteur moet lys van sekere rolprente saamstel en byhou.*

**29A.** (1) Die direkteur moet met ingang van 1 Januarie van die jaar wat onmiddellik volg op die jaar waarin hierdie artikel in werking tree—

*(a)* 'n lys van alle rolprente wat ingevolge hierdie Wet of die herroepe Wet of die Vermaaklikheids-Sensuurwet, 1931 (Wet No. 28 van 1931), afgekeur is en wat tot op vermelde datum nie ingevolge hierdie Wet goedgekeur is nie, saamstel;
*(b)* weekliks bedoelde lys aanvul met die titels van rolprente wat in die vorige week afgekeur is.

(2) Die lys in subartikel (1) vermeld, moet teenoor die titels van rolprente waarvan die besit kragtens artikel 21A verbied is, aandui dat die besit van die rolprente verbied is indien daardie verbod deur die appèlraad bekragtig is.

(3) Die direkteur moet by ontvangs van 'n aansoek in die voorgeskrewe vorm wat vergesel gaan van die voorgeskrewe bedrag, aan die aansoeker 'n afskrif van 'n lys in subartikel (1) bedoel, verskaf.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



ditions imposed under subsection (3) *(a)* shall be stated in the registration certificate.

(4) The director shall forthwith withdraw the registration of a person registered under this section if a declaration is made in respect of such person under section 43 (4).

(5) *(a)* Whenever a change occurs with regard to any of the particulars furnished by a person registered under this section in the application for registration referred to in subsection (2), the person concerned shall within fourteen days after the day on which the change occurred notify the director in writing of that change.

*(b)* Upon receipt of a notification under paragraph *(a)* the director shall suitably alter the particulars maintained by him in respect of the person concerned and issue an amended certificate.

(6) Any person registered under this section shall cause to be effected fully, correctly and in a conspicuous place upon the holder or holders containing any film or any copy of a film published by him—

*(a)* his name and business address;

*(b)* the name of that film;

*(c)* the number of the certificate of approval;

*(d)* the age restriction, if any, imposed in respect of the film; and

*(e)* the running time of that film,

in one of the official languages of the Republic.

(7) The director shall at the request of any person investigating an offence under this Act furnish such person with a certified copy of a registration certificate issued under subsection (3) or an amended certificate issued under subsection (5).

(8) Any person who contravenes any provision of this section, makes a false statement or gives false particulars for the purposes of this section, or who conducts the business in respect of which he has been registered under this section in conflict with the conditions imposed under subsection (3) *(a)*, shall be guilty of an offence.".

Insertion of section 29A in Act 42 of 1974.

**19.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 29:

"Director shall compile and keep up to date list of certain films.

**29A.** (1) The director shall with effect from 1 January of the year immediately following the year in which this section commences—

*(a)* compile a list of all films rejected in terms of this Act or the repealed Act or the Entertainments (Censorship) Act, 1931 (Act No. 28 of 1931), and which have not as at that date been approved in terms of this Act;

*(b)* supplement such list weekly with the titles of films rejected in the preceding week.

(2) The list referred to in subsection (1) shall opposite the titles of films the possession of which has been prohibited under section 21A, indicate that the possession of the films has been prohibited, if such prohibition has been confirmed by the appeal board.

(3) The director shall, on receipt of an application in the prescribed form, accompanied by the prescribed amount, furnish the applicant with a copy of a list referred to in subsection (1).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) Die lys in subartikel (1) vermeld, moet ten kantore van die direktoraat gehou word en kan deur enige lid van die publiek sonder enige betaling ingesien word.".

Wysiging van artikel 31 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 109 van 1978.

**20.** Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Appèl deur die direktoraat kragtens subartikel (1) moet binne 'n tydperk van **[sewe]** 14 dae vanaf die datum waarop die komitee die direkteur van die betrokke beslissing verwittig het, en 'n appèl deur die persoon in subartikel (1) bedoel, moet binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum waarop die direkteur so iemand van die betrokke beslissing verwittig het, aangeteken word.".

Wysiging van artikel 32 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 79 van 1977.

**21.** Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* kan die direktoraat binne 'n tydperk van **[sewe]** 14 dae vanaf die datum waarop die direkteur van daardie beslissing verwittig is, na die appèlraad appelleer deur by die klerk van die appèlraad 'n kennisgewing waarin die appèlgronde volledig uiteengesit word, te laat indien;".

Wysiging van artikel 35 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 79 van 1977 en artikel 6 van Wet 109 van 1978.

**22.** Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in paragraaf *(a)* van subartikel (2) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"*(a)* Die appèlraad bestaan uit minstens **[drie]** sewe lede, van wie—";

*(b)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Die direkteur moet elke 5 jaar 'n lys van die name saamstel van **[10]** 13 persone wat deur die Staatspresident kragtens paragraaf *(b)* aangewys word.";

*(c)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Die ampsvoorwaardes, besoldiging en toelaes van die lede van die appèlraad **[is soos voorgeskryf]** word deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal."; en

*(d)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) **[Drie]** Sewe lede van die appèlraad maak 'n kworum uit, en die beslissing van die meerderheid van die lede aanwesig by 'n vergadering van die appèlraad maak 'n besluit van die appèlraad uit: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme die persoon wat by die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het.".

Wysiging van artikel 35A van Wet 42 van 1974, soos ingevoeg deur artikel 7 van Wet 109 van 1978.

**23.** Artikel 35A van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* Die ampsvoorwaardes, besoldiging en toelaes van lede van 'n komitee van deskundiges **[is soos voorgeskryf]** word deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.".

Wysiging van artikel 35B van Wet 42 van 1974, soos ingevoeg deur artikel 7 van Wet 109 van 1978.

**24.** Artikel 35B van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die voorsitter van die appèlraad moet elke drie jaar 'n lys van die name saamstel van persone wat deur die Minister kragtens subartikel (3) aangewys word.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(4) The list referred to in subsection (1) shall be kept in the offices of the directorate and may be inspected by any member of the public free of charge.".

Amendment of section 31 of Act 42 of 1974, as amended by section 5 of Act 109 of 1978.

**20.** Section 31 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) An appeal by the directorate under subsection (1) shall be noted within a period of **[seven]** 14 days from the date on which the committee has informed the director of the decision in question, and an appeal by a person referred to in subsection (1) shall be noted within a period of 30 days from the date on which the director informed such person of the decision in question.".

Amendment of section 32 of Act 42 of 1974, as amended by section 16 of Act 79 of 1977.

**21.** Section 32 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* the directorate may within a period of **[seven]** 14 days from the date upon which the director was informed of that decision, appeal to the appeal board by causing to be lodged with the clerk of the appeal board a notice of appeal stating in full the grounds of appeal;".

Amendment of section 35 of Act 42 of 1974, as amended by section 18 of Act 79 of 1977 and section 6 of Act 109 of 1978.

**22.** Section 35 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in paragraph *(a)* of subsection (2) for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"*(a)* The appeal board shall consist of not fewer than **[three]** seven members, of whom—";

*(b)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(a)* The director shall every 5 years compile a list of the names of **[10]** 13 persons designated by the State President under paragraph *(b)*.";

*(c)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The conditions of office, remuneration and allowances of the members of the appeal board shall be **[as prescribed]** determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance."; and

*(d)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) **[Three]** Seven members of the appeal board shall constitute a quorum, and the decision of the majority of the members present at a meeting of the appeal board shall be the decision of the appeal board: Provided that in the event of an equality of votes the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.".

Amendment of section 35A of Act 42 of 1974, as inserted by section 7 of Act 109 of 1978.

**23.** Section 35A of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (5) of the following paragraph:

"*(b)* The conditions of office, remuneration and allowances of members of a committee of experts shall be **[as prescribed]** determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.".

Amendment of section 35B of Act 42 of 1974, as inserted by section 7 of Act 109 of 1978.

**24.** Section 35B of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The chairman of the appeal board shall **[annually]** every three years compile a list of the names of the persons to be designated by the Minister under subsection (3).".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





Vervanging van artikel 43 van Wet 42 van 1974, soos vervang deur artikel 21 van Wet 79 van 1977.

**25.** Artikel 43 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Strawwe. **43.** (1) Iemand wat aan 'n oortreding van **['n bepaling van]** artikel 8 *(a)*, *(b)*, *(b*A*)*, *(c)*, *(d)* of *(e)*, 19, 27 (1) *(a)* (i), *(b)*, *(c)*, **[of]** *(f)* of *(g)*, 29 (8) of 34 (1) skuldig bevind word, is strafbaar—

(i) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete van hoogstens **[vyfhonderd rand]** R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf;

(ii) in die geval van 'n tweede skuldigbevinding, met 'n boete van minstens **[vyfhonderd rand]** R1 000 en hoogstens **[duisend rand]** R2 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf; en

(iii) in die geval van 'n derde of daaropvolgende skuldigbevinding, met 'n boete van minstens **[duisend rand]** R2 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) Iemand wat aan 'n oortreding van artikel 8 (1) *(d*A*)* of *(d*B*)* of 27 (1), *(h)* of *(i)* skuldig bevind word, is strafbaar—

(i) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete van hoogstens R10 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf;

(ii) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, met 'n boete van minstens R10 000 en hoogstens R20 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

**[(2)]** (3) Iemand wat aan 'n oortreding van 'n bepaling van artikel 17 (5), 18 (3), 24 (9), 27 (1) *(a)* (ii), *(d)* of *(e)*, 28 (7), **[29 (7),]** 36 (9), 37 (2), 37A (2), 41 (2), 42 (2), 42A (2) of 42B (2) skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens **[vyfhonderd rand]** R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(4) 'n Hof wat iemand skuldig bevind aan 'n oortreding van—

*(a)* Hoofstukke III of VI vir sover die oortreding op 'n rolprent betrekking het;

*(b)* artikel 27 van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), vir sover die oortreding op 'n rolprent soos omskryf in daardie Wet betrekking het;

*(c)* die Wet op Onbetaamlike of Onwelvoeglike Fotografiese Materiaal, 1967 (Wet No. 37 van 1967); of

*(d)* artikel 113 (1) *(f)* van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964),

moet, indien hy van oordeel is dat, met behoorlike inagneming van die omstandighede met betrekking tot die pleging van die oortreding, die persoon wat skuldig bevind is nie geskik is om kragtens artikel 29 geregistreer te word of om aldus geregistreer te bly nie (na gelang van die geval), sodanige persoon onbevoeg verklaar om te registreer of om aldus geregistreer te bly (na gelang van die geval), vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, bereken vanaf die datum van die skuldigbevinding.

(5) Iemand ten opsigte van wie 'n verklaring ingevolge subartikel (4) gemaak word, moet, indien hy die houer is van 'n sertifikaat uitgereik kragtens arti-

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Substitution of section 43 of Act 42 of 1974, as amended by section 21 of Act 79 of 1977.

**25.** The following section is hereby substituted for section 43 of the principal Act:

"Penalties. **43.** (1) Any person who is convicted of a contravention of section 8 *(a), (b), (b*A*), (c), (d)* or *(e)*, 19, 27 (1) *(a)* (i), *(b)*, *(c)*, **[or]** *(f)* or *(g)*, 29 (8) or 34 (1) shall be liable—

(i) in the case of a first conviction, to a fine of not more than **[five hundred rand]** R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment;

(ii) in the case of a second conviction, to a fine of not less then **[five hundred rand]** R1 000 and not more than **[one thousand rand]** R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment; and

(iii) in the case of a third or subsequent conviction, to a fine of not less than **[one thousand rand]** R2 000 or to imprisonment for a period of not less than six months or to both such fine and such imprisonment.

(2) Any person who is convicted of a contravention of section 8 (1) *(d*A*)* or *(d*B*)* or 27 (1) *(h)* or *(i)* shall be liable—

(i) in the case of a first conviction, to a fine of not more than R10 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment;

(ii) in the case of a second or subsequent conviction, to a fine of not less than R10 000 and not more than R20 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.

**[(2)]** (3) Any person who is convicted of a contravention of a provision of section 17 (5), 18 (3), 24 (9), 27 (1) *(a)* (ii), *(d)* or *(e)*, 28 (7), **[29 (7),]** 36 (9), 37 (2), 37A (2), 41 (2), 42 (2), 42A (2) or 42B (2) shall be liable to a fine of not more than **[five hundred rand]** R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(4) A court which finds a person guilty of a contravention of—

*(a)* Chapter III or VI in so far as the contravention is applicable in respect of a film;

*(b)* section 27 of the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978), in so far as the contravention is applicable to a film as defined in that Act;

*(c)* the Indecent or Obscene Photographic Matter Act, 1967 (Act No. 37 of 1967); or

*(d)* section 113 (1) *(f)* of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964),

shall, if it is of the opinion that, having due regard to all the circumstances relating to the commission of the offence, the person convicted is not fit to be registered under section 29 or of remaining to be so registered (as the case may be) declare such person to be incompetent to be or of remaining to be so registered (as the case may be), for a period not exceeding five years, reckoned from the date of the conviction.

(5) Any person in respect of whom a declaration is made under subsection (4) shall, if he is the holder of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



kel 29, onverwyld die sertifikaat aan die direkteur afgee.

(6) Iemand ten opsigte van wie 'n verklaring ingevolge subartikel (4) uitgereik is wat nog van krag is, wat aan 'n oortreding van artikel 19 (1) *(c)* skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.".

Wysiging van artikel 44 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 22 van Wet 79 van 1977.

**26.** Artikel 44 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(f)* van subartikel (1) te skrap;

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Regulasie kragtens paragraaf *(b)* (vir sover dit van toepassing is op 'n aangeleentheid in artikel 16 (3) en 29A (3) bedoel), *(d)* of *(e)* **[of (f)]** van subartikel (1) word in oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig.";

*(c)* deur subartikel (3) te skrap; en

*(d)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Verskillende tariewe **[van besoldiging kan ten opsigte van die verskillende kategorieë van persone wat kragtens hierdie Wet besoldig moet word, en]** kan ten opsigte van die bedrae betaalbaar ten opsigte van afskrifte van sertifikate wat kragtens hierdie Wet uitgereik word, vasgestel word.".

Invoeging van artikel 44A in Wet 42 van 1974.

**27.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 44 ingevoeg.

"Toelaes betaalbaar aan sekere persone.

**44A.** Aan iemand bedoel in artikels 3 (1) *(b)* en (2), 17 en 35 (8) word die toelaes betaal wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.".

Wysiging van artikel 47 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 44 van 1979, artikel 18 van Wet 70 van 1979 en artikel 3 van Wet 98 van 1982.

**28.** Artikel 47 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur na die omskrywing van "plek" die volgende omskrywing in te voeg:

"'polisiebeampte' enige lid van die polisiemag;";

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(g)* van die omskrywing van "publikasie of voorwerp" deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* 'n plaat, magnetiese band, klankbaan (behalwe 'n klankbaan verbonde aan 'n rolprent) of ander voorwerp waarin of waarop klank vir weergawe opgeneem is;";

*(c)* deur in subartikel (1) na die omskrywing van "versprei" die volgende omskrywing in te voeg:

"'verspreider', met betrekking tot 'n rolprent, ook iemand wat 'n besigheid dryf deur rolprente te verkoop of te verhuur;"; en

*(d)* deur in subartikel (1) die omskrywing van "vrystelling" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'vrystelling' 'n vrystelling in artikel 8 (3), 19 (3), 27 (1) of (5) of 28 (5) bedoel;".

Kort titel en inwerkingtreding.

**29.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Publikasies, 1986, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



a certificate issued under section 29, forthwith surrender the certificate to the director.

(6) Any person in respect of whom a declaration under subsection (4) has been issued which is still in force, who is convicted of a contravention of section 19 (1) *(c)* shall be liable to a fine of not more than R10 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.".

Amendment of section 44 of Act 42 of 1974, as amended by section 22 of Act 79 of 1977.

**26.** Section 44 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion of paragraph *(f)* of subsection (1);

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any regulation under paragraph *(b)* (in so far as it applies to a matter referred to in sections 16 (3) and 29A (3)), *(d)* or *(e)* **[or (f)]** of subsection (1) shall be made in consultation with the Minister of Finance.";

*(c)* by the deletion of subsection (3); and

*(d)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Different tariffs **[of remuneration]** may be fixed **[in respect of the different categories of persons who are required to be remunerated under this Act, and]** in respect of the amounts payable in respect of copies of certificates issued under this Act.".

Insertion of section 44 in Act 42 of 1974.

**27.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 44:

"Allowances payable to certain persons.

**44A.** There shall be paid to any person referred to in sections 3 (1) *(b)* and (2), 17 and 35 (8), the allowances determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.".

Amendment of section 47 of Act 42 of 1974, as amended by section 2 of Act 44 of 1979, section 18 of Act 70 of 1979 and section 3 of Act 98 of 1982.

**28.** Section 47 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion in subsection (1) after the definition of "distribute" of the following definition:

"'distributor', in relation to a film, includes a person who conducts business in the selling or hiring of films;";

*(b)* by the substitution for the definition of "exemption" of the following definition:

"'exemption' means an exemption referred to in section 8 (3), 19 (3), 27 (1) or (5) or 28 (5);";

*(c)* by the insertion in subsection (1) after the definition of "place" of the following definition:

"'policeman' any member of the police force;"; and

*(d)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(g)* of the definition of "publication or object" of the following paragraph:

"*(g)* any record, magnetic tape, sound-track (except a sound-track associated with a film) or any other object in or on which sound has been recorded for reproduction;".

Short title and commencement.

**29.** (1) This Act shall be called the Publications Amendment Act, 1986, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) Verskillende datums kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

(3) 'n Persoon wat by die inwerkingtreding van artikel 18 van die Wysigingswet op Publikasies, 1986, as 'n vervaardiger of verspreider geregistreer is, word vanaf daardie inwerkingtreding vir alle doeleindes geag kragtens artikel 29 van die Hoofwet geregistreer te wees.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) Different dates may be fixed in terms of subsection (1) in respect of different provisions of this Act.

(3) Any person who at the commencement of section 18 of the Publications Amendment Act, 1986, is registered as a maker or distributor under section 29 shall as from that commencement for all purposes be deemed to be registered under section 29 of the principal Act.